

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSROJEK-AANSOEKFORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

9.3

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:

Ring van Port Elizabeth

Titel van Projek:

AoHCD Gemeenskapskool en Opleiding

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier
Naam:	Liesel du Plessis
Posadres:	Anchor of Hope Community Development Edward Straat 1, Richmond Hill, Port Elizabeth
E-pos:	admin@anchorofhope.org.za
Faks:	041 585 3700 (Anchor of Hope Community Development)
Tel. (k):	041 585 3700
Tel (h):	041 3683821
Selfoon:	082 655 7577
	<div>  </div>


30 September 2022

Handtekening Projekvoorsteller

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____ Pieter Nel _____, in my hoedanigheid as ~~voorsitter~~ / skriba van die Ring van _____ PE _____, dat hierdie projek op _____ 22 Augustus 2022 _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	03/10/2022
---	------------

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Om as gemeente van die Ring van Port Elizabeth, die Woord van die Here te bring aan die multikulturele gemeenskap in Sentraal/Richmond Hill en omgewing deur gasvryheid te bewys aan vreemdelinge (mense van ander tale, rasse, kulture en herkoms) deur hul in te nooi in die huisgesin van God / familie van Christus. Die minder bevoorregtes te ondersteun met praktiese lewens- en tegniese vaardighede, opleiding en ondersteuningsdienste wat hulle beter sal toerus om in hul eie basiese behoeftes en lewens middele te voorsien; en om gemarginaliseerdes te help om 'n tuiste te vind en hul potensiaal in Christus te ontdek. Uiteindelik is ons doel ook dat nuwe gelowiges dan deur die gemeente dissipel sal word om ook hul gewas en roeping in Christus te ontdek en uit te kan leef.

Projek fokus

- a) Geletterdheidsklasse en ondersteuning van skoling te verbeter.
- b) "Amended Senior Certificate" vir Matrieks
- c) Kookklasse
- d) Rekenaar klasse.
- e) Engelse klasse aan anderstalige vreemdelinge.
- f) Hulp met die verkryging van motor bestuurs lisensie.
- g) Lewensvaardighede bv Work for a living van Siysibenza wat help om mense voor te berei vir werksonderhoude en om werk op 'n etiese manier te doen .
- h) Naaldwerk klasse
- i) Praktiese hulp bv opstel van CVs, voorbereiding vir, onderhoude, ens.
- j) Dien gemeenskapsentrum (fotostate, fakse, internet dienste).

Jaar verslag vir 2021/22: aangeheg.

Geouditeurde Finansiële State vir 2021/22: aangeheg

AGM vir die 2021/22 jaar is gehou op: 31 Julie 2022 na die erediens

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

- a) Inisieerders: Ring van Port Elizabeth en Anchor of Hope Community Development**
Die Ring van Port Elizabeth het gehelp met die inisiering van AoHCD.

Direksie

Volgens AoHCD se Memorandum of Incorporation is die direkteurs samestelling as volg:

The Company has 5 director(s) and 3 alternate director(s), to be appointed in the following manner:

3 directors from Dutch Reform Church Anchor of Hope, Port Elizabeth
2 directors from the congregations of the "Circuit of PE Dutch Reform Churches"

The power of appointment lies with:

- (i) the Church Board of DRC Anchor of Hope with regard to nomination and replacement of 3 directors
- ii) Circuit of PE Dutch Reform Churches" with regard to the nomination and replacement of 2 directors from congregations within the circuit

AoHCD het oor die afgelope 3 jaar sonder 'n tweede ringsverteenvoerder gefunksioneer. Die Ring het egter tydens die onlangse Ringsvergadering op 22 Augustus 2022 'n verteenwoordiger voorgestel met finansiële/ rekenkundige agtergrond om as tesourier op te tree. Sy CV is aangestuur na die AoHCD voorsitter en 'n informele gesprek is gereël vir 29 September 2022. Beide partye sal oor die saak bid voor 'n besluit gedurende Oktober geneem sal word.

Die Direksie bestaan tans uit die volgende lede

- Gillie Noeth
- Marinda Noeth
- Christina Ndlovu
- Macyleen Maboi
- Liesel du Plessis

Betrokkenheid van die Ring by AoHCD

Die Ring se volgehoue belangstelling en finansiële bydrae stel AoHCD in staat om hierdie multi kulturele werk te onderneem en om minderbevoorregte Suid Afrikaners en immigrante van 'n aantal lande, uit verskillende bevolkingsgroepe en tale uit Afrika, van verskillende geloofsoortuigings en denominasies met Christus se liefde te bedien

AoHCD het nog nie sedert Covid Ringsgemeentes besoek om mense te vertel van die geleentheid vir diens nie. AoHCD het dringend hulp nodig om jongmense wat ernstig deur die onderwys stelsel gefaal is en/ of weens omstandighede nie hul studies kon voltooi nie, met die Accelerated Senior Certificate te help. Daar is ook 'n groot behoefte in die gemeenskap vir naskoolse sorg smiddae wat kinders met hul huiswerk kan help en spesiale aandag kan gee aan lees programme (opleiding sal verskaf word).

Voordele vir die Ring van Port Elizabeth

- Gemeentes word die geleentheid gebied om kruiskultureel uit te reik na mense van alle nasies binne 'n beskermde en veilige omgewing.
- Ondervinding wat opgedoen word kan van onskatbare waarde wees binne ook ander gemeentes.
- Groter samewerking tussen NGK gemeentes en vrywilliges van ander denominasies.
- Gemeentes kan ook ongeletterdes in hul eie midde, bv huishulpe, tuinwerkers ens die geleentheid te bied om te leer lees en skryf of hul skool kwalifikasie te verbeter.
- Ringsgemeentelede wat nie rekenaar geletterd is nie kan in groepe rekenaar opleiding boek

Voordele vir Anchor of Hope Gemeente

- Die gemeente staan bekend as 'n plek waar mense met onderrig gehelp kan word en nie-gelowiges word ook gelok.
- Bied geleentheid vir gemeentelede van AoH om binne veilige ruimte geestelike gesprekke met mense te voer wat dalk andersins onbereikbaar is.

b) Begunstigdes/ studente (teikengroep)

Die fokus is primer op inwoners van Sentraal, Richmond Hill en omgewing hoewel baie studente vanuit ander areas ook klasse bygewoon het. AoHCD bedien almal, ongeag taal of herkoms, wat die Here oor ons pad stuur - die wat die Here ken maar veral die wat Hom nie ken nie. Veral die vreemdes, armes, gemarginaliseerdes, ongeskooldes, veral vroue (die moeders van die volgende geslag). Baie van die mense is jong mense. (staats definisie – 20 tot 35 jariges) hoewel daar ook baie ouer vroue is wat die naaldwerk klasse bywoon. AoHCD kry baie goeie terugvoer van studente oor die vaardighede wat hul aanleer maar baie het ook te doen met waardering vir persoonlike groei agv persoonlike aandag en mense wat bereid is om 'n pad met hul te stap. Vir baie is AoHCD hul “go to place - the place where they belong”

Covid het ons studente getalle sterk geaffekteer. Baie Afrika studente is terug na hul lande. Baie ander studente uit ander areas in PE (Motherwell, Zwede, Noordelike Voorstede, ens.) se ekonomiese omstandighede het sodanig verander weens verlies aan inkomste dat hulle nie meer die vervoer kostes kan bybring nie.

Daar is dus net 'n klein kern van studente oor wat goed bekend is met AoHCD se programme. AoHCD groei hoofsaaklik deur "word of mouth" en is gebaseer op die bou van verhoudinge en dit neem tyd.

Voordele vir die begunstigdes

- Toegang tot volwasse onderrig geleenthede teen gesubsidieerde kostes.
- Verkryging van kennis en vaardighede wat spesifiek gemik is daarop om hulle in staat te stel om beter werk / besoldiging te kry wat armoede help verlig.
- Hulle word ook gehelp met die voorbereiding vir werksaansoeke en onderhoude .
- Leerders met goeie potensiaal word ook aangemoedig om verder te studeer en waar moontlik word daar gepoog om om finansiële hulp vir studies te bekom bv deur Kusaidiana
- Suid Afrikane kry die geleentheid om mense uit Afrika op 'n persoonlike vlak te leer ken. Buitelanders doen moeite om die plaaslike tale aan te leer en dit bring baie meer begrip en aanvaarding. Dit bou nie net verdraagsaamheid nie maar ook vriendskappe wat die gees van xenofobie teewerk.

- c) **Vrywilligers:** Ons vrywilligers is hoofsaaklik middeljarige en ouer persone AoHCD het tans 5 vrywilligers wat help met rekenaar klasse, naaldwerk, Engelse klasse en leerling lisensies. Die groot uitdaging is om vrywilligers te vind wat bereid is om'n span saam te stel en bedienings areas te dryf. Daars soveel om te doen en so min hande. Die hulp van die Ring sal baie waardeer word om gemeentedele aan te moedig om betrokke te raak.

Administrasie: Adrienne verrig ook haar administratiewe en finansiële take op 'n vrywillige basis. Sy hanteer die oudit, alle voorgeskrewe betalings byv CIPC, befondsing van die Metro, voedselhulp namens die gemeente ook aan die NPO studente.

Voordele vir Vrywilligers

- Vrywilligers kry geleentheid om mense van baie volke en nasies te dien op hulle drempel
- Meeste vrywilligers in diens van die Here getuig oor die seën en geestelike groei wat hulle ervaar.

:

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
<u>Institusioneel</u> <u>Bestuur</u> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Tweede ringsverteenvoerder moet word. • Die Memorandum of Incorporation moet verander word om meer direksie te stel wat meer verteenwoordigend is van die gemeenskap wat bedien word • Die Konstitusie moet verander word om meer tyd toe te laat om die oudit te voltooi en die Algemene Jaarvergadering te hou. 	<p>Februarie 2023</p> <p>Februarie 2023</p>
<u>Vrywilligers</u> <ul style="list-style-type: none"> • Daar is tans 5 vrywilligers wat help met die klasse. Die nuutste toevoeging is Camie Jolley wat help met Engelse klasse. Pat Benjamin is terug uit Irak en oorweeg dit tans om by die naaldwerk klasse betrokke te raak. • AoHCD benodig ten minste 'n verdere 5-10 vrywilligers om jongmense te help om matriek te slaag. Besoek gemeentes om vrywilligers te werf. 	<p>Januarie 2023</p>
<u>Finansies</u> <ul style="list-style-type: none"> • Hersiening van huidige finansiële opset vir groter effektiwiteit (baie probleme met swak diens van bank) en om rapportering aan befonders te verbeter. 	<p>Februarie 2023</p>

<u>Accelerated Senior Certificate</u> <ul style="list-style-type: none"> ○ Hierdie is seker een van die mees belangrikste programme wat tans in SA aangebied kan word vir die duisende jong mense wat nie matriek deurkom nie of hul punte moet verbeter vir verdere studies. Daar is baie min geleentheid vir leerders om voor te berei vir die eksamens in Junie en Oktober elke jaar met die hulp van gekwalifiseerde matriek onderwysers. Hierdie program is weens die tekort aan vrywilligers nie gedurende die jaar aangebied nie. AoHCD benodig dringend <ul style="list-style-type: none"> ▪ ten minste 4 tot 6 afgetrede matriek onderwysers in Engels, Boekhou, Wiskundige geletterdheid, ens, wat bereid is om 2 ure per week met klasse te kom help ▪ Handboeke vir die leerders (R2500) 	Begin Jan 2023
<u>Naskool sorg/ huiswerk/ leesprojek en skaak</u> Hierdie projek is steeds 'n behoefte maar veranderde omstandighede (bv verhuring van kerkruimte aan Nigtingale Trust vir opleiding van Home Based Carers, akkomodering van 'n gemeentelid se klein kindertuin groepie) het hierdie projek op "hold" geplaas vir 2023/24.	
<u>Geakkrediteerde rekenaar klasse</u> Daar is tans 13 leerders. <ul style="list-style-type: none"> ○ Adverteer opleidings geleenthede in gemeenskap om die getal studente te vermeerder ○ Bied gesubsidieerde rekenaar klasse vir 'n addisionele 16 studente aan (R12 800) ○ Annual BU registration vir computer training (R4 000) ○ Hulp vir studente se registrasie by SkillsPro = R480 (4 modules) x 16 studente (R7 680) ○ Sangonet Norton Antivirus (R600) ○ Vind befondsing vir vervanging van 6 nuwe rekenaartorings (R36 000) en dataprojektor (R6000) ○ <i>Rekenaar opgraderings: 8 x R8250 = R66 000 (indien befondsing bekom kan word)</i> 	Deurlopend Begin van elke kwartaal
<u>Naaldwerk klasse</u> Daar is tans 11 leerders (onder wie jong kinders van selfs 11 jaar oud) wat gehelp word om kledingstukke vir volwassenes en kinders te maak asook ander projekte .. Anna, een van die senior studente, word tans bemagtig om te help met die aanbied van klasse <ul style="list-style-type: none"> ○ Ten minste 2 verdere vrywilliges - Een om te help met die onderrig (besig om met Pat Benjamin te onderhandel en as dit moontlik is nog 'n persoon wat met die bemaking en uitbou van 'n gemeenskaps besigheidjie kan help. ○ Vind befondsing vir 1 nuwe "heavy duty" naaldwerk masjien (R5,500x1); Materiaal vir volwasse kledingstukke (R300 x 20); Naaldwerk benodighede vir diegene wat ten minste 2 modules bywoon (5 x 250); Onderhoud van masjiene (R2000) ○ Woon ten minste 6 straat markte by : R150 x 6 geleenthede (R900) 	Deurlopend Maart Deurlopend
<u>Bestuurslisensies (Tans 8 leerders)</u> <ul style="list-style-type: none"> ○ Vergader met voorgenome leerders om te bepaal wanneer mees gelee tyd is om klasse aan te bied (klasse word tans sporadies bygewoon wat maak dat leerders baie lank vat om leerlinglisensies te bekom) ○ Fondse moet bekom word om te help met 'n R1,500 bydrae tot leerling en bestuurslisensies vir 4 persone ○ Aankoop van simulator (R150 000) is absoluut essensieel aangesien vrywilliges nie bereid is om hul karre te gebruik om mense met "rytyd" te help nie. <i>(nie op begroting nie)</i> ○ Ons kan meer klasse aanbied as ons meer vrywilligers het 	Klasse 4 x per jaar aangebied

Engelse klasse vir anderstaliges	Deurlopend
o Carmie Jolley het onlangs by AoHCD aangesluit as fasiliteerder. Sy het 'n met TEFL kwalifikasie en het begin met 'n klas van 10 leerders. Studente begin op Vlak 1 en beweeg dan aan na Vlak 3.	

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede (almal vrywillig)	Van waar (gemeente, ander)
G J Noeth (Gielie) – Rekenaarklasse (voorsitter van AoHCD)	Anchor of Hope
Marinda Noeth – Naaldwerk en Accelerated Senior Certificate	Anchor of Hope
Anna Namponya - Naaldwerk	Vanuit gemeenskap
Carmie Jolley – Engelse klasse	Malabar
Liesel du Plessis (Sekretaresse van AoHCD en Leerling lisensies)	Die Ring
Adrienne Strydom (voltyds)	Anochor of Hope
Benodig nog meer vrywilligers (ongeveer 10- 15) word benodig	Enige gemeente

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Rekenaar torings (ongeveer R36 000)	6
Dataprosjektor (Ongeveer R6000)	1
“Heavy Duty” Naaldwerkmasjien	1
Vehicle simulator (nie op begroting nie)	1 (as befondsing verkry kan word)

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties “rek” om voldoende spasie te verskaf.

Hierdie is 'n Ringsprojek. Ons wil regtig vra dat Ringsgemeentes hul lidmate vra om te oorweeg om by enige van die projekte betrokke te raak. Ons het nodig dat mense ons help met

- Voorbidding
- Hulle tyd en kundigheid om as vrywilligers te dien op enige terrein. Ons probeer altyd om ons vrywilligers se skedules te akkommodeer
- Bydraes bv omkapmasjiene en materiaal vir volwasse kledingstukke, staandertjies wat maklik kan opslaan om klere en naaldwerk produkte uit te stal wat maklik vervoer kan word, 'n padwaardige kar vir mense om mee te oefen vir die rybewyse, ens - enigiets wat die Here op mense se harte lê
- Maandelikse bydraes soos 'n geloofsgelofte offer al is dit R2000 per maand vanuit die gemeentes. Dit sal baie help.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Munisipaliteit	R10 000
Privaat donateurs (2 dra by op gereelde basis)	R56 000
Om in te samel	R158 094
Leerder bydrae	R12 500
Rente	R300
TOTAAL:	R236 894

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Honorariums (wil graag 3 addisionele persone help met vervoer koste wat tenminste 2x per week klasse aanbied)	R127 140
• MWEB en Webtuiste	R8 750
• Ouditeure Ingesluit CIPC_	R9 850
• Skryfbehoeftes , drukwerk , sundries	R4 300
• Bemarking & AGM	R2 500
• Petty cash , bank koste	R6 600
• Versekering	R6 720
• Sekuriteits Bydrae	R5 400
• Bydrae Water en ligte	R24 000
Programme	
• Accelerated Senior certificate	R2 500
• Engelse klasse	R4 054
• Rekenaarklasse, IT benodighede & onderhoud	R75 580
• Naaldwerk	R15 900
• Bestuurslisensies	R7 600
TOTAAL:	R301 894

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R301 894
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R236 894
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R65 000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Maart 2023	R25 000
Julie 2023	R25 000
September 2023	R15 000

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die Here bring mense uit baie nasies na ons stad toe. Elkeen van ons het nou 'n geleentheid om vanuit ons eie gemeentes mense te dien met ons tyd en kundigheid - om mense deur gewone gesprekke, ons lewe en voorbeeld na Jesus te lei.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc

Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf